# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

# PhD Landskapargitektuur (12262003)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 2 jaar |
| **Totale krediete** | 360 |

## Programinligting

‘n PhD-student moet ’n proefskrif voorlê wat oor ’n onderwerp uit die landskap-argitektuurdissipline handel en wat bewys lewer van gevorderde oorspronklike navorsing en/of kreatiewe werk wat ’n werklike en beduidende bydrae tot die kennis en/of praktyk van landskapargitektuur maak.

‘n Student moet voor of saam met die indiening van die proefskrif minstens een konsepartikel vir publikasie aan ’n erkende joernaal voorlê. Die konsepartikel moet op navorsing vir die proefskrif gebaseer wees en vir die promotor aanvaarbaar wees.

Verwys na die G Regulasies G.42 tot G.54.

## Toelatingsvereistes

’n Kandidaat met ’n magistergraad in landskapargitektuur of die MSc (Toegepaste Wetenskap)-graad van die Universiteit van Pretoria, word tot doktorale studie toegelaat.

## Addisionele vereistes

Die Departementshoof mag van ’n kandidaat wat oor ’n gedoseerde magistergraad beskik, vereis om aanvullende modules voor die aanvang van studies te slaag.

## Eksamens en slaagvereistes

‘n Geskrewe of mondelinge doktorale eksamen **is verpligtend** en behels die inhoud van die proefskrif sowel as die vakgebied waarop die proefskrif gebaseer is.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.